

# KOERSVAS

Jaargang 1      Uitgawe 23    6 September 2013

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Verklaring

Nuusbrogies



## REDAKSIONEEL

### Emeriti vervolging

Die erns waarmee die KommAKV die eerste vergadering van die Geloofsbond van Hervormde gemeentes bejeen, se dimensies blyk anders te wees as wat eers vermoed is. Die KommAKV sien die saak skynbaar met histeries outokratiese oë as 'n saak wat diktatoriale optrede in die lewe roep. Die KommAKV fossileer\* skynbaar by 'n standpunt wat daarop neerkom dat die grootste bedreiging in hierdie lewe nie die duiwel homself is nie, maar diegene wat in die openbaar afstand geskep het tussen hulself en die ernstige probleme binne die NHKA. Hierdie probleme word deur lidmate en Selfstandige gemeentes uitgewys.

*\*( fossileer - om te ossileer of bewe op een plek tot so 'n mate dat jy 'n fossiel word, 'n harde, onbuigbare gesteente met geen hart wat klop nie)*

Die oproep en gepaardgaande intimidasie van veral die emeriti is om die minste te sê, skokkend. Al die NHKA predikante (dienend, beroepafwagtend en emeriti) wat by die Bondsvergadering teenwoordig was, is opgeroep om 5-6 September 2013 voor die KommAKV te verskyn. Die intimidasie van emeriti blyk uit die boodskap wat onder andere by die Eendrachtkring (Emeriti se vereniging) oorgedra is, naamlik dat emeriti wat by die Geloofsbond betrokke is of raak, hulle ex

*gratia* bybetaling asook hul ampsvoorregte kan verloor.

Die *ex gratia* bybetaling is 'n bedrag van ongeveer R 950 wat bygedra word tot die mediese fonds bydraes van die emeriti. Dit mag as 'n skok kom vir baie lezers, maar emeriti het dit oor die algemeen nie baie breed nie. Die Pensioenfonds is nie baie sterk nie en daar was al by meer as een geleentheid geen verhoging deurgegee aan die emeriti nie. Om die omstandighede van afgetrede predikante te verbeter, het die AKV besluit dat elke gemeente R 200 per maand in die *ex gratia* fonds sal stort. Hierdie geld sal dan verdeel word tussen die emeriti om die mediese fonds las te verlig. Dit is 'n feit dat daar Selfstandige gemeentes is wat steeds bydra tot hierdie fonds, gewoon om vorige predikante wat gedien het, te kan help. Daar is selfs onafhanklike gemeentes wat buite om die NHKA struktuur emeriti-weduwees versorg sonder om af te dreig en voorwaardes rakende lidmaatskap te stel. Die dreigement deur die KommAKV dat hierdie geld weggenem kan word, grens aan laag en gemeen. Indien jou pensioen R 4000 per maand is (dit is werklik wat party emeriti uitkry!) beteken dit dat die KommAKV dreig om 20% van jou inkomste weg te neem. Die immorele gedagte om die gelde terug te hou, moet summier verwerp word. Gemeentes dra by tot die fonds en emeriti word met die

geld gehelp, so het die AKV besluit. Van die emeriti het jare gedien in gemeentes wat steeds diep genestel is in die kokon van Kommissie stilstwy. Die Kerkordelike wettigheid van so 'n stap is natuurlik onder verdenking. Die enigste vergadering wat kan besluit om die begunstigdes te verander, is die AKV self. Selfs dan sal die Arbeidshof moontlik anders beslis.

Die ander dreigement, naamlik om emeriti se ampsvoorregte weg te neem, moet ook ernstig opgeneem word. Emeriti het afstudeer, is gelegitimeer, beroep en het vir tot 40 jaar gedien in die NHKA. Predikante se status is iets wat met waardigheid gedra is en verdien is, en om dit te wil wegneem, of selfs net met so 'n aksie te dreig, is totaal onbehoorlik. Dit is ook sonder enige gronde en sal onkerkordelik wees. Die Kerkorde is baie duidelik oor die proses wat gevvolg moet word om 'n predikant te kan onthef. Die KommAKV kan seker in 'n verdere onwettige fascistiese greep dit buitendien doen, soos hulle gemaak het met ds Johann Mouton.

Die Sekundus kommissie is juis in die lewe geroep sodat die KommAKV met ander sake kan besig bly. Nou het die KommAKV verword tot die speelgrondboelie wat almal verniel wat dit durf waag om van hulle te verskil of wat gesien word in die geselskap van die vermeende vyand.

Na veertig (40) jaar as predikant en dit vir die meeste sonder vlek of rimpeling, kan dit maklik as vernedering ervaar word om te moet verskyn voor 'n Kommissie wat verstar het in Inkwisisie-agtige optrede. Net omdat die emeritus van jou verskil, maak dit hom nie jou vyand nie.

Daar is emeriti wat die geleenthed het om hul karige imkomste aan te vul. Daar is net soveel geleenthede om as brugpredikante te dien in die NHKA. Dit is dieselfde "uitverkore" groep wat telkens gevra word om te gaan uithelp. Ander geleenthede tot ekstra inkomste is soms in ander denominasies as die NHKA, waar die emeriti steeds as predikante mense geestelik kan dien en versorg. Gesien die

swak toestand van die pensioenfonds, sou mens eerder verwag dat die KommAKV die emeriti sal aanmoedig om sodanige geleenthede aan te gryp.

Dit is opvallend dat iemand wat op siekte-emeritaat is, soos Prof AG van Aarde, steeds toegelaat word om deel te neem aan die aktiwiteite van 'n organisasie soos die *Westar institute*<sup>\*</sup>, terwyl emeriti nie eens belanstelling mag toon in die aktiwiteite van lidmate en kollegas met wie hulle 'n lang geloofspad gestap het nie.

(*\*Westar's mission is to foster collaborative, cumulative research in religious studies and to communicate the results of the scholarship to a broad, non-specialist public. Westar is not affiliated with any religious institution and does not advocate a particular theological point of view. At Westar, all serious questions about religion are welcome.*) Lees mooi: Religie en nie noodwendig die Christelike geloof nie!

Die Kerkorde stel duidelik dat die KommAKV die opdragte van die AKV uitvoer. Waar is daar by die AKV besluit op hierdie ongenaakbare optrede? Dit is onaanvaarbaar dat die KommAKV so aanmatigend optree en nie eens afgetreden lojale diensknechte ontsien in hul mag spel nie. Dit is nou dieselfde voorgeslagte wat in Omsendskrywe 11/2013 voorgehou is as diegene namens wie hulle die saak rondom eiendom wil hanteer. Respek, selfs vir diegene wat nou van jou verskil, word nie getoon deur bejaarde predikante wat vashou aan hul geloof op te roep vir gesprek nie, al word die skyn van respektvolle gesprek voorgehou.

Ons herhaal Koersvas 22 se redaksionele oproep aan die Kommissie; fokus julle energie eerder op die 10 000 wat verdwyn het en dalk nou geen geestelike tuiste het nie. Eintlik kon ons die hele redaksioneel in een woord saamvat: **Skande!**

## VERKLARING

Na aanleiding van die verklaring van die sogenaamde Kommissie van die AKV van die NHKA dat predikante van die Geloofsbond van Hervormde gemeentes,

nie meer erken word as predikante van enige erkende kerk nie, die volgende:

- Die predikante was nooit lede van enige ander kerk as die NHKA nie.
- Die predikante is nie meer werknemers van die NHKA nie.
- Die Geloofsbond erken sy predikante wat opgelei is en wettig beroep en georden is as predikante van die gemeentes.
- Die Geloofsbond erken die emeriti wat opgelei was en georden was as predikante van die NHKA.
- Die predikante geniet derhalwe alle ampsvoorregte wat insluit die bediening van die Doop en die Nagmaal.
- Die Geloofsbond verwerp die NHKA se agentskap beginsel waarvolgens die Kerkstruktur belangriker is as die gemeentes.

## **NUUSBROKKIES**

- Die sentrale komitee, asook die verskillende komitees wat tydens die Geloofsbond se eerste vergadering aangewys is, het vergader op 23 Augustus 2013 te Meyerspark. By hierdie geleentheid was die notule van die eerste vergadering hanteer en goedgekeur. Die volledige notule sal eersdaags aan almal gestuur word.
- Na die goedkeuring van die notule het die komitees verdeel en begin met hul werkzaamhede.
- Premiermyn se Dorkas het 'n uiters suksesvolle Damesdag aangebied. Die saal was prentjie-mooi, die kos keurig aangebied en baie smaaklik, die pienk vonkelwyn die ideale skans teen die skielike koue aanslag. Dowwe Dolla het gewys waarom sy hoog aangeslaan word en almal het geskater van die lag. Baie dankie aan dames van ander Selfstandige gemeentes wat die geleentheid bygewoon het.
- Die media komitee nooi alle persone wat 'n inset wil lewer, om met hulle te skakel. Ds Faan Visser sal in die toekoms in beheer van die nuusbrokkies vir Koersvas wees.

Gemeentes word versoek om 'n plaaslike verslaggewer aan te stel en te reël dat die persoon met ds Faan skakel. Kom ons bly op hoogte van al die gemeentes van die Geloofsbond se aktiwiteite!

- Marinette du Plessis, advokate Renette en Roelof du Plessis se dogter, is kaptein van die nasionale lewensreddingspan wat tans in Australië meeding. Geluk aan haar en haar ouers.
- Ds Freek van der Merwe het bedank as predikant van die NHKA nadat die KommAKV hom opgeroep het om 6 September voor hulle te verskyn.
- Ds Eddie Eckard is opgeroep om 5 September 2013 voor die KommAKV te verskyn. By die geleentheid het hulle besluit om hom te suspendeer. Indien niemand binne die volgende sewe dae 'n klag teen hom lê nie, sal die suspendering verval. Die klag lê waarskynlik in die liefdegroete kluis.
- 'n Lidmaat van Zoutpansberg het 'n dringende hofaansoek teen die Broodboom vereniging gebring. Die saak is op 4 September verhoor en die uitspraak gelewer op 5 September. Die regter het die saak van dringendheid met koste verwerp. Dit beteken dat die saak nie dringend is nie. Die persoon wat die aansoek gebring het (met 'n belofte van finansiële steun deur die KommAKV) sal ook die regskoste van alle betrokke partye moet betaal. Die afgelope twee bloutjies se totaal staan nou al op R250 000 se regskostes wat deur die aansoekers (en aanporders) betaal moet word.